# 'N BASIESE KURRIKULUM VIR GESKIEDENIS AAN DIE UNIVERSITEIT OF KOLLEGE

*M H Trümpelmann (RAU)*

Sonder om 'n teoretiese aanloop te gee, word hier 'n kort skematiese uiteensetting van 'n kurrukulum gegee wat dalk 'n bydrae sou kon lewer om Geskiedenis in terme van sy eie aard (as produk en proses) veel meer tot sy reg te laat kom. Hierdeur sal die potensiële vormende waarde van die vak baie beter gerealiseer kan word. Uiteraard kan so 'n kurrikulum slegs as deel van 'n omvattende kurrikulumteorie verantwoord word. Hier word slegs die finale sintese geplaas.

**Aard van die vak:**

Algemene wesenskenmerke:
(wat die eie aard van die vak die beste saamvat).

1. Geskiedenis as knooppuntvak.
2. Geskiedenis as "inleef" en tydoriëntering.
3. Geskiedenis as die unieke en die algemene.
4. Geskiedenis as proses.
5. Geskiedenis as verandering.

**Kognitiewe doelwitte:**

1. Kennis . . . beskryf, benoem, selekteer, herken.
2. Begrip . . . herlei, verduidelik, verklaar, interpreteer.
3. Toepassing . . . maak afleidings, vergelyk, tref 'n onderskeid.
4. Analise . . . verifieer, lei af, verbeter.
5. Sintese . . . beoordeel, klassifiseer, ontwerp, herrangskik.
6. Evaluering . . . kritiseer, bespiegel, formuleer, debatteer.

**Onderrigswyses:**

Hoofsaaklik tematies, eksemplaries en era-benadering — Chronologie as deel van tema.

**Werksvorme:**

Doseer, gesprek, debat, bronne-analise, simulasie, selfstudie en vraagstelling veral.

**Leerinhoud:**

Hoofkategorieë:

A. Sosiale Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis 15%

*Basiese konsepte*

(1) *Arm en ryk deur die eeue (Bv. Grieke, Middeleeue, 193 eeuse Europa en SA, 20ste eeuse Rusland, Derde Wêreld., RSA — klassekonflikteorie, verstedeliking).*

(2) *Sosiale gebruike deur die eeue: eksemplaries — vergelykend toegelig (Bv. kleredrag, vrye tyd, spel, verhoudings tussen geslagte, wonings).*

(3) *Slawerny en die mens — enkele voorbeelde. (Sosiale en etiese implikasies).*
(4) *Die bevolkingsontploffing en sy sosiale en politieke implikasies.*
(5) *Familiegeskiedenis en gewoontes.*
(6) *Verdere eksemplare, bv. Kunsgeskiedenis ens.*

B. Tegnologiese Geskiedenis 5%

*Basiese konsepte*
*Die ontwikkeling van byvoorbeeld:*
(1) *Vervoer*
(2) *Medisyne*
(3) *Landbou ens.*
*(Telkens gekoppel met die sosiale, ekonomiese en politieke implikasies).*

C. Ekonomiese Geskiedenis 10%

*Basiese konsepte*
(1) *Inflasie en depressie as 20ste eeuse verskynsels.*
(2) *Goud, diamante en Suid-Afrika.*
(3) *Olie en die wêreldpolitiek.*
(4) *Industriële Rewolusies en hulle gevolge vir die maatskappy.*
*(Bv. 19e eeu, Derde Wêreld, RSA).*

D. Polities/Ideologiese Geskiedenis 45%

*Basiese konsepte*
(1) *'n Vergelyking van verskillende regeringsvorme (vanaf outokrasie tot demokrasie) as 20ste eeuse verskynsels.*
(2) *'n Vergelykende studie van ideologieë (Bv. Kapitalisme, Sosialisme en Kommunisme).*
(3) *Internasionale betrekkinge deur die eeue. (o.a. tydens die Romeinse Ryk, 18e eeu, vanaf WOI, internasionale vredesliggame).*
(4) *Politieke leierskap deur die eeue. Is daar algemene kenmerke? (Eksemplaries-vergelykend toegelig).*
(5) *Die Geskiedenis van die twee wêreldoorloë.*
(6) *Die RSA, Afrika en die Derde Wêreld.*
(7) *Die Koue Oorlog.*
(8) *Kolonisasie en dekolonisasie deur die eeue. (Wêreld en RSA).*
(9) *Nasionalisme as faktor in die wêreldpolitiek. (Europa-ontstaan, 19e en 20ste eeu, Derde Wêreld en vir die RSA in die 19e en 20ste eeu).*
(10) *Die plurale gemeenskap: 'n Vergelykende studie.*
(11) *Terrorisme en die wêreldpolitiek.*
(12) *Politieke rewolusies: 'n Wesensanalise van enkele eksemplare.*

E. Geografiese Geskiedenis 5%

*Basiese konsepte*
(1) *Trekbewegings — 'n vergelyking (Bv. VSA + SA).*
(2) *Ruimtelike ordening en verstedeliking.*

F. Militêre Geskiedenis 5%

*Basiese konsepte*
(1) *Oorlogvoering deur die eeue. (Voorbeelde uit antieke tyd, Europa, Afrika en RSA).*

G. Religieus/esteties 2½%

*Basiese konsepte*
(1) *Kerk en staat deur die eeue.*

H. Teoretiese Geskiedenis, metodologie. 7½%

*Basiese konsepte*
(1) *Waarom Geskiedenis?*
(2) *Wat is Geskiedenis?*
(3) *Kenteoretiese probleme.*
(4) *Metodologie.*

I. Plaaslike Geskiedenis 5%

*Basiese konsepte*
*Eksemplariese dieptestudie.*

**Evaluering:** Langvrae, kortvrae en veral begripstoetse en bronne-analise.

---

## *"Ek hou van Geskiedenis. . ."*
## *"en ek hou nie daarvan nie!"*

**('n paar standerd sesse van Florida Hoër aan die woord).**

Ja, ek hou wel van Geskiedenis en is baie lief daarvoor en ek is trots daarop, om te sê, ek het Geskiedenis geneem op Hoërskool en ook om te sê ek het 'n lekker onnie gehad.

Ek hou van sekere dele van geskiedenis. Verlede jaar het ek dit baie geniet omdat ek 'n lekker onderwyseres gehad het, en die Egiptiese en Griekse geskiedenis van baie lank gelede was. Ek hou nie van ons land se geskiedenis want ek is nie iemand vir volk en vaderland nie, en ek ken ons geskiedenis.

Ek hou van geskiedenis want ek het eerstens nog nooit 'n nors en afjakkerige juffrou gehad nie en tweedens interesseer die vak my baie.

Ek hou baie van Geskiedenis want dit is baie interessant en 'n mens leer van jou voorouers sodat jy kan weet waar jy vandaan kom en hoe jou volk ontstaan het.

Ek hou van geskiedenis omdat ek meer van my voorgeslag wil weet en dis een van my beste vakke.

Ek hou nie van geskiedenis nie. Ek vind dit oninteressant omdat 'n mens net van jou eie land se geskiedenis wil leer — nie van ander lande se geskiedenis nie.

Ek hou van Geskiedenis. Dit is interessant en vertel ons meer van ons volk en bekende persone wat vir ons land iets gedoen het.

Ek hou nie baie van Geskiedenis nie. Ek het altyd swak gedoen daarom hou ek nie daarvan nie.

Hou van Geskiedenis: Dit is soos 'n storie.

Ek hou nie van Geskiedenis nie. Die onderwysers is te kwaai en raas te veel met ons.

Ek hou van Geskiedenis. Ek vind dit baie interessant. Ons land se geskiedenis is die interessantste.

Ek hou nie van Geskiedenis nie want die werk is te moeilik en te veel. Die kaarte is te veel.

Ek hou nie van Geskiedenis nie. Dis 'n langdradige besigheid en baie leerwerk bv. datums.